Taberna Dei Preeknota
Heilige Gees (Week 3)

Die Gees van orde
Sondag, 9 Junie 2019 - TDO

TABERNA DEI

1. **God skep** orde **en maak alles** goed**.**

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters." - **Gen 1:1 (AFR53)**

2. **Die Heilige Gees rus die mense toe vir 'n** werk**.**

"Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word. Wanneer hierdie tekens oor jou kom, moet jy doen wat jou hand vind om te doen, want God is by jou." - **1 Sam 10:6-7 (AFR83)**

3. **Ons kan deur hulp van Heilige Gees** probleme **identifiseer**

"Daarna moet jy voor my na Gilgal toe gaan en ek sal later kom om brandoffers te offer en maaltydoffers te bring. Jy moet sewe dae wag tot ek by jou kom. Dan sal ek jou sê wat jy moet doen. Net toe hy omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God Saul se gesindheid verander. Al hierdie tekens het op dié dag uitgekom. Hulle het daar in Gibea gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree." - **1 Sam 10:8-10 (AFR83)**

4. **Die Ou-Testament** verklaar **dat God weer sy Gees sal stuur**

"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien."
Joel 2:28 (AFR53)

5. **Jesus se werk van "herstel en orde bring" begin** nadat **die Gees van God oor hom kom.**

"Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom." - **Matt 3:16 (AFR83)**

- Die Heilige Gees het van die begin af reeds God se mense bekragtig.
- Jesus Christus, wat ook deur die Heilige Gees bekragtig is, gaan deur die wêreld en maak heel en bring herstel aan die chaos en wanorde wat die mens na die wereld gebring het.

6. **God se gees** bekragtig **jou en my om die bediening van** herstel**,** genesing **en** orde **te bring, in 'n donker, gebroke wêreld.**

"En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het." - **Hand 1:4 (AFR53)**

"Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; 3 om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot sy verheerliking." - **Jes 61:1-3 (AFR53)**